The copyright act of 1978 (as amended) prohibits the reproduction of this copy IN ANY FORMAT, (See Clause 5 Terms & Conditions) without prior permission of the original publisher.

THEEWATERSKLOOF BREADASDORP NAPIER GAZETTE 2016/03/01 Page: 3

AVE: 842.26 (ZAR)

Die Begroting – die soet en die suur daarvan

FRED BOSHOFF

Die 2016-begroting wat verlede Donderdag deur die minister van finansies, Pravin Gordhan, ingedien is, het soet en suur elemente ingehou – letterlik.

Dit is die eerste keer dat suikerbelasting op suikerdrankies soos CocoCola gehef word. Dit is glo om openbare gesondheid te verbeter. Wat die uitwerking op die suikerprodusseerders gaan wees, moet nog bereken word. Hulle is juis onder druk vanweë die droogte en lae wêreldsuikerpryse.

Die gewone man wat hou van sy sigaretjie en bier na werk sal ook sy hand dieper in sy beursie moet steek. Belasting op alkohol en sigarette styg met tussen 6% en 8,5%. Dit beteken 'n pakkie van 20 sigarette sal 85c meer kos. 'n Blikkie bier van 340ml sal jou 11c meer kos. 'n Bottel wyn van 750ml sal jou 18c meer kos, 'n bottel hardehout sal 77c duurder wees en 'n bottel vonkelwyn 59c meer. ('n Mens sal skaars 'n glasie vonkelwyn op die begroting kan lig).

Daar is ook 'n heffing op nuwe buitebande wat vanaf 1 Oktober 2016 ingestel word (dit is om herwinning en herverbuik van motorbande aan te moedig) en 'n verhoging op belasting op die ou tipe gloeilampe in 'n poging om mense aan te moedig om eerder energiebesparende CFC-ligte aan te skaf.

Al hierdie verhogings is 'n poging om meer kreatief te kyk na finansiering van Suid-Afrika se krisis en prioriteitsaangeleenthede soos tersiere onderwys en opleiding, droogtehulp en sosiale bydraes. Dit is die rede waarom daar nie met gewone belasting en BTW gepeuter is nie. Ons gaan selfs minder belasting betaal.

Ons gaan vanaf 1 April 30c meer vir brandstof betaal, omdat die brandstofprysheffing styg.

Die belastingkrediet met mense met siekefondse styg vanaf 1 Maart van R270 tot R286 vir die eerste twee begunstigdes op 'n skema en van R181 tot R192 vir bykomende begunstigdes.

Ourderdomspensioen, ongeskiktheidstoelaes en afhanklikheidstoelaes (vir gestremde kinders) styg in April met R80 en in Oktober met nog R10 tot R1 505.

Heffing op plastieksakke styg met met 2c tot 8c per sak.

Vir boere wat onder die huidige droogte gebuk gaan, was daar weinig goeie nuus oor direkte droogtehulp. Voorsiening is wel gemaak om leningsfasiliteite by die Landbank te verhoog en die regering se gebeurlikheidsreserwes is verhoog om in te gryp in noodsituasies wat droogtes insluit.

Oor die algemeen is die begroting positief ontvang. Ekonome het 'n meer ingrypende streng begroting verwag.